

Die Gewer bepaal die gesindheid waarmee ontvang word

Ons vra baie maal na die oorsaak van dinge. Wie se skuld is dit? Wie moet verantwoordelik gehou word vir hierdie dinge wat met Job gebeur het? Job self gee vir niemand die skuld nie. Wanneer hy die verskillende tydings ontvang vaar hy nie uit teen die Galdeërs of die bouer van sy seun se huis of teen die veewagters nie. Job gaan lê op die grond in 'n gebaar van aanbidding met die woorde: "Die Here het gegee, en die Here het geneem..."

Job ontvang dit wat met hom gebeur uit God se hand, en omdat hy dit sien as komende van Hom, ontvang hy dit met 'n bepaalde gesindheid. Indien 'n vreemdeling by jou voordeur sou staan met 'n bos blomme, sal jy met 'n heeltemal ander gesindheid daarna kyk as wanneer 'n geliefde met daardie selfde blomme daar staan. Die verhouding met die Gewer bepaal dus die gesindheid waarmee ek iets ontvang.

Job het reeds vir God geken, daarom het hy die brandoffers vir sy kinders gebring. Na aanleiding van sy swaarkry het hy God nog beter leer ken, soos ons ook kan doen. Ons kan hieruit God se betrokkenheid by sy kinders, sy alwetendheid, sy almag, sy alomteenwoordigheid en sy beheer, oor alles, ook oor Satan, leer ken. Vir Hom loop dinge nooit verkeerd nie. Hierdie selfde God het Hom deur sy Seun aan gelowiges verbind. Wanneer ons Hom regtig leer ken, ontvang ons dinge met 'n totaal ander gesindheid as wat ons sou doen wanneer Hy vir ons 'n vreemdeling was.

My verhouding met God bepaal dus hoe ek dit wat Hy in my lewe toelaat, ontvang en verwerk. Selfs al gaan dit swaar en bly ek nie onaangeraak deur dit wat gebeur nie, kan ons as gelowiges dit wat met ons gebeur op 'n heeltemal ander manier ontvang en hanteer as hulle wat God nie ken nie.

'n Mens kan inderdaad leeg voor God staan, en steeds niks kortkom, omdat jy God ken.

Sing: Psalm 85:3,4 (2e wysie)

Ds. P.C. van der Walt (Phalaborwa)